

Vrydag 30 Augustus

Skrifgedeelte: Filippense 3:10-21

Fokusgedeelte: Filippense 3:12-14, 20-21 (1983-vertaling)

As verlostes op pad na die heerlikheid!

Op pad die toekoms in – na ons eindbestemming! Heerlike verwagting ... Maar, sal ons by die heerlikheid uitkom waarvoor ons bestem is?

Hier, in die Skrifgedeelte, word 'n gelowige in sy geestelike lewe geskets as 'n atleet in 'n wedloop op pad na die wenstreep – om die hemelse prys, die ewig-volmaakte heerlikheid by God, te behaal.

Hierdie wedloop kan jy op verskillende maniere hardloop: óf jy kan skrik-skrik hardloop, heeltyd onseker en angstig dat jy dit dalk nie gaan maak nie; of jy kan kort-kort afdraaipaadjies neem, wêreldse plesiere van eet en drink en sin-genot najaag ... (vs 18-19). Vanselfsprekend is beide die verkeerde manier van doen en dit gaan jou nie ver bring nie.

Hoe dan? Ons spring weg in hierdie hardlooppresies nie as mense wat nog onseker is van die eindstreep nie. Oók nie as mense wat in eie krag uiteindelik die lyn sal moet breek nie. Immers, Christus het ons reeds syne gemaak (vs 12b)! Hy het ons verlos, duur gekoop, bevry van die mag van die bose (dood), ons in die wedloop, op die pad van die ewige lewe, geplaas – bekragtig met die oorwinningskrag van sy opstanding (vs 10)!

Nou hardloop ons, doelgerig en vasbeslote, met die wenstreep in die oog. Ons neem nie afdraaipaadjies nie, maak onself los van ons eie swakke self wat ons verlede gekenmerk het. Ons span ons in om alles wat Christus vir ons gedoen het, ons eie te maak (vs 12a).

Ons hardloop met die sekerheid dat ons burgerskap in die hemel klaar geregistreer is (vs 20). Daar is geen onsekerheid oor ons hemels-heerlike vaderland nie. En terwyl ons hardloop, verwag ons heeltyd ons Here Jesus Christus as Verlosser. Hy sal ons sonde-vernederde liggame (bestaan) verander om soos sy verheerlikte liggaam te wees (vs 21).

Sing: Skrifberyming 7-2:1, 2

Ds. HC van Rooy (Charl) (Randburg)